automechanika
SOUTH AFRICA

# Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 9 - 12 Maart 2011

## SPESIALE TOEKENNING VIR EERSTE AUTOMECHANIKA SA

Die prestasie van die plaaslike skou-organiseerder Dogan Trading, wat die eerste internasionale Automechanika Suid-Afrika-bedryfskou vir die voertuig-naverkopemark so suksesvol aangebied het, is deur die Uitstalling- en byeenkoms-vereniging van Suid-Afrika (EXSA) erken.

Die byeenkoms is by EXSA se onlangse jaarlikse toekenningsgeselligheid, wat by die Gallagher-konferensiesentrum in Midrand gehou is, met 'n Sertifikaat van uitmuntendheid vir skoue groter as 12 000 $m^2$ se vloerruimte beloon.

Die skoudirekteur van Automechanika SA, Philip Otto, het gesê hy was in sy noppies dat die byeenkoms deur EXSA bekroon is aangesien dit sy lang verwagte droom was om die internasionale Automechanika-handelsnaam na Suid-Afrika te bring.

"Johannesburg is nou die 13$^e$ stad in twaalf vooraanstaande wêreldlande wat een van hierdie skoue aanbied, en ons is baie trots daarop dat die sukses nog 'n hupstoot vir die stad is wat in die wêreld-kollig sal wees wanneer Johannesburg aanstaande jaar die gasheer vir die openings- en eindwedstryde van die 2010-FIFA-Wêreldbeker is," het Otto gesê.

"Ons het reg van die begin af geweet ons sal 'n kritiese beskouing van plaaslike sowel as internasionale gehore hê, en die feit dat ons pas deur Messe Frankfurt, die eienaar van die Automechanika-handelsnaam, aangestel is om Automechanika SA in 2011 aan te bied, getuig van die feit dat ons die toets met vlieënde vaandels geslaag het.

"Die voorsitter van EXSA, Rina Fortman, het by die toekenningsgeselligheid gesê die uitstalbedryf lewer 'n aansienlike bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en plaas die land ook in 'n internasionale kollig, wat gewis die geval met Automechanika SA 2009 was," het Otto afgesluit.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za